

Haley Hanslo  
Studieleier: Prof B van Wyk

## **Opvoeders se perspektiewe van die gedragskode vir leerders by geselekteerde hoërskole**

Hierdie filosofiese studie maak gebruik van Gadamer se hermeneutiek, wat primêr besorg is met die begrip en interpretasie van tekste. Uit hierdie perspektief doen ek 'n konseptuele en dokumentêre analise van die gedragskode van 'n spesifieke hoërskool in Elsiesrivier, Kaapstad. Na aanleiding van die analise, fokus ek dan op die onderwysers se perspektief van die gedragskode vir leerders van bogenoemde skool.

Ek het die beleidsdokument vir gedragskodes bestudeer en spesifiek gekyk na die geskiedenis daarvan en hoe dit by skole geïmplementeer moet word.

Ek het vier betekenis vir gedragskodes gekonstrueer (dissipline, omgewingsfaktore, kultuur en waardes) om as 'n teoretiese raamwerk vir die analise van die hoërskool in Elsiesrivier se gedragskode te dien. Hierdie studie het bevind dat hoe onderwysers die gedragskode verstaan en implementeer 'n groot impak op die skool se dissipline en orde kan hê.

By implikasie word daar aangeneem of afgelei dat as daar nie samewerking of 'n eenvormige begrip oor die implementering van die dokument is nie, skoolverbetering nie sal plaasvind nie.

**Hoofkonsepte:** gedragskode, dissipline, hermeneutika, opvoeders, publieke hoërskool